Voorwoord

Chris van Wyk

Pastoraat word tradisioneel as die versorgingsaksie van die kerk aan gelowiges gesien. Hierdie "ontmoeting tussen God en mens" het verskillende kante. Pastorale sorg:

- help mense om die Woord se impak in hulle lewe te vertolk *(kerugma)*;
- skep gemeenskap tussen mense *(koinonia)*; en
- spoor gelowiges aan tot diens in die wêreld (*diakonia* en *marturia*).

Pastoraat het in die Christendom-paradigma ná die vierde eeu ook 'n publieke karakter gekry deurdat dit bygedra het tot die morele vorming van die samelewing. Pastoraat in die praktyk van gemeentes het egter die basiese versorging aan lidmate behels, vernaamlik deur die ampte van pastor en ouderling. Dit het dinge soos huisbesoek, siekebesoek, krisispastoraat en sterwensbegeleiding ingesluit.

Met die opkoms van die missionale teologie in die laat 20ste eeu het gemeentes egter bewustelik begin afskeid neem van die Christendom-paradigma. Hulle het geskuif van 'n blote instandhoudingsmodel van bediening – waar lidmate hoofsaaklik die objekte van die bediening was – na 'n gestuurde model van bediening. Dit werk met 'n *Missio Dei*-paradigma waarbinne lidmate hoofsaaklik die agente (gestuurdes) van die bediening na die wêreld toe geword het. Op die voorblad word hierdie agente voorgestel met die sade van die bekende dandelion (perdeblom) as metafoor (foto deur Daniel Boud).

Die vraag is nou hoe hierdie missionale teologie die tradisionele siening van pastoraat as die versorgingsaksie van die kerk verander.

Antwoorde op die vrae: "Wie doen wat, aan wie, wanneer, en hoekom in gestuurde gemeentes?" het immers die potensiaal om ons pastorale versorgingspatrone ingrypend te verander! Byvoorbeeld:

- In gestuurde gemeentes is die pastoraat nie meer net die verantwoordelikheid van die pastor en die ampte nie, maar die verantwoordelikheid van elke lidmaat.
- In gestuurde gemeentes is lidmate nie meer die primêre fokus van die pastoraat nie, maar die ongelowiges in die gemeenskap.

Daar moet nog baie méér navorsing gedoen word oor pastoraat in gestuurde gemeentes waarin veral indringend na die reisverhale van gestuurde gemeentes geluister moet word, voordat die buitelyne van 'n nuwe gestuurde pastorale teologie duideliker sigbaar sal word. Maar dié Kruisgewys is 'n predikant in daardie rigting!

☞ **Danie Mouton** – *Vry om die wêreld te dien* – gee 'n oorsig van die Lausanne Committee for World Evangelization (2004) se perspektiewe op missionale gemeentes (die dokument is ook by www.gemeentes.co.za beskikbaar) met stimulerende opmerkings oor die verandering in die fokus van pastoraat in gestuurde gemeentes vanweë 'n skuif in kerkbegrip en die verstaan van leierskap – bladsy 3.

☞ **Frederick Marais** – *Hoe lyk gestuurde pastoraat?* – gee twee belangrike perspektiewe uit die sisteemteorie vir pastoraat in gestuurde gemeentes, naamlik die waarde van doelbewuste kwesbaarstelling en die skep van inklusiewe "behoort"-ruimtes – bladsy 5.

☞ **Marius Nel** – *Om die gemeente weg te gee* – spel die radikale implikasies van 'n ware gestuurde teologie uit. Dit beteken dat die hele gemeente letterlik in diens aan die gemeenskap weggegee word. Dit sluit ook die lidmate in! – bladsy 7.

☞ **Chris van Wyk** – *Metgeselle op 'n pelgrimsreis* – skryf oor 'n nuwe proses van geestelike begeleiding wat help met die skuif van 'n "spiritualiteit van plek" na 'n "spiritualiteit van pelgrims" wat op reis is. Hy spreek die hoop uit dat mense in die gemeenskap metgeselle op dié reis sal word – bladsy 9.

- **Cas Wepener** – *Instandhouding vs gestuurdheid* – kyk deur die lens van die liturgie en die ekklesiologie na die uiterstes wat 'n mens in gestuurdheid moet vermy. Hy maak die punt dat gestuurdheid nie 'n strategie moet wees nie, maar liefde wat geleef word – bladsy 12.

☞ **Jannie Swart** – *Gasvrye mense eet saam aan tafel* – fokus op gestuurde identiteitsvorming in huishoudings. Hy wys daarop hoe die kweek van 'n etenstafelkultuur bydra tot die belewenis van die teenwoordige God, van egte dialoog en van betrokkenheid by mekaar en 'n gasvrye lewenswyse – bladsy 15.

Besoek GDN se webtuiste vir meer artikels en bronne oor die Missionale Teologie: www.gemeentes.co.za.

- ***Chris van Wyk - Artikelredakteur***